BYBELSTUDIE HEBREËRS 10:1-18.

A. OPSOMMING.

Hoofstuk 10 is in 'n sekere sin 'n samevatting van wat ons in hoofstuk 9 geleer het. In hierdie verse word daar van verskeie kante redeneer dat die aardse offers, met alles wat daarby hoort, maar 'n skadubeeld is van dit wat in die hemel gebeur. In die hemel het ons 'n wonderlike Hoëpriester Jesus Christus. Op aarde is daar jaarin en jaaruit geoffer vir die versoening van sondes, maar steeds is daar nie volkome vergiffenis verkry nie. By die hemelse het dit slegs een maal gebeur met die offer van Jesus Christus en daarmee is volmaakte verlossing bereik. Die indeling van vers 1-18 kan soos volg gebeur:

Vers 1-4 behandel die aardse offers en hulle gebreke;
Vers 5-10 verduidelik dat Christus se offer baie beter is as die aardse offers – omdat dit in volmaakte gehoorsaamheid gedoen is;
Vers 11-18 verduidelik dat Christus se offer baie beter is as die aardse offer – omdat dit 'n volmaakte offer was.

VERS 1-4:

Tot nou toe het die skrywer op die volgende sake klem gelê wat beter is as die ou bedeling:
die beter priesterskap [7:1-28];
die beter verbond [8:1-13];
die beter erediens [9:1-28].
Nou staan hy stil by die **offers** van die ou bedeling. Reeds in 9:14 en 23 het hy genoem dat Jesus se offer baie beter is as die vorige offers. In hoofstuk 10 fokus hy voluit daarop. Hy konsentreer eers op die offers van die Ou Testament.
Sy eerste opmerking is dat die wet van Moses maar net 'n *skadubeeld* is van die toekomstige dinge. Hierdie opmerking was vir 'n volbloed Jood baie erg. Vir hulle was die wet baie belangrik. Die Griekse woord vir *skadubeeld* is ‘skaduwee’. Hier staan letterlik dat die wet nat 'n ‘skaduwee’ bevat van die groot dinge wat kom. Tussen die offers van die ou bedeling en Jesus Christus se offer is daar dus 'n groot verskil.
Die weldade wat sou kom, sluit alles in wat ons as Christene deur Jesus Christus se offerdaad verkry: vergiffenis, 'n skoon gewete, vrye toegang tot God, ewige verlossing [9:12], ons ewige erfenis [9:15], ens.
Die probleem met die wet en in besonder met die offers, was dat hulle nooit heeltemal effektief was nie. Ons het reeds gesien dat die gewone offers 'n mens net van buite skoonmaak. Binnekant bly daar 'n besef van sonde [9:9]. Die ironie is dat die offers wat juis bedoel was om van sonde te bevry – die jode altyd weer daaraan *herinner* het [10:3-4].

VERS 5-10:

Psalm 40:7-9 word in hierdie verse aangehaal [7-9]. Die skrywer stel Jesus self aan die woord. God se wil staan in hierdie verse op die voorgrond. Daarom kry ons in al hierdie verse woorde soos: *wou hê, behaag, wil of wou*.
Wat staan vir die Here voorop in hierdie verse? Nie offers en uitwendige vormgodsdiens nie maar ware gehoorsaamheid. Hebreërs lê daarop klem dat gehoorsaamheid wat uit die hart kom, vir die Here meer werd is as offers.

> Die Hebreeuse teks in Psalm 40:7 sê dat God in gehoorsaamheid [ore] belangstel. Die skrywer van Hebreërs pas dit effens aan en verklaar dat God in 'n liggaam [10:5] belangstel. In wie se liggaam? Nie in die liggaam van diere of mense nie maar in 'n liggaam wat Hy vir Christus gegee het [10:5]. God voorsien self die offer soos met Isak van ouds [Gen.22].

En wat het Jesus gedoen? God se wil. In Getsemane het die groot toets gekom. Dáár het God se wil sy wil geword. Maar dit geld ook vir elke mens wat deur God in Christus vrygemaak is. Jy kan nie meer in die ou patrone van vormgodsdiens en volgens jou eie wil leef nie. Ons is vir Hom afgesonder [10]. Wanneer? Daardie dag toe Jesus Christus *eens en vir altyd klaargespeel het met die sonde* [10]. God se Groot Gehoorsame het geen halwe werk gedoen nie. Dit is volbring – vir alle ewigheid.

VERS 11-18:
In hierdie verse plaas die skrywer die twee offers langs mekaar. Priesters maak hulle dag vir dag moeg deur dieselfde offers te bring – maar tevergeefs [11]. Hierdie offers was maar net gedeeltelik effektief, omdat hulle werking van beperkte duur was en omdat dit net uiterlik kon reinig [9:9; 13-14; 10:2]. Daarom kan hulle nie werklik sonde wegneem nie [4,11]. Vir *wegneem* word 'n sterk Griekse werkwoord gebruik wat ons kan vertaal met ‘totaal wegneem’ Daarteenoor maak Jesus se offer *volkome van sonde vry* [4].
Soos hy graag doen, beklemtoon ons skrywer sy argument met 'n aanhaling uit Jeremia 31:33 [16] en Jeremia 31:34 [17]. Met hierdie aanhalings val die volle klem op volkome vergiffenis. God sal aan sy kinders se sonde nooit meer dink nie [17]. So verduidelik die skrywer hoe effektief Jesus se offer was. Na sy offer sal daar geen verdere offers meer wees nie – ook nie die Groot Versoendag een maal per jaar nie. Goeie Vrydag het die Groot Versoendag van die kerk geword. Hebreërs sê: Jesus is die einde van al die offers van die Ou Testament.
Die tweede saak wat pragtig in vers 12-13 beklemtoon word, is dat Jesus se offer volmaak was omdat Hy die Seun van God is. Nadat Hy sy offer gebring het, het Hy as Koning aan die regterhand van God gaan sit. Daar wag Hy nou totdat sy vyande finaal aan Hom onderwerp sal wees. Só 'n priester was daar nog nooit en sal daar nooit meer wees nie. Waar die aardse priester *staan* wanneer hy sy dienswerk voor God verrig, *sit* Jesus Christus [12]. Dit is aan die een kant 'n teken dat sy aanrdse offerwerk voltooi is en aan die ander kant is dit die kenmerkende houding van 'n koning op sy troon.
Om op te som:
Die drie redes waarom Jesus se offer beter is as die van die Ou Bedeling is die volgende:
1. Sy offer was vo9lkome vo9lgens God se wil;
2. Dit was Jesus Christus, die Seun van God, wat Homself geoffer het;
3. Jesus se offer was volkome effektief.

En so verduidelik Hebreërs op sy eie unieke manier waarom die evangelie 'n blye boodskap is:
Dit gee sekerheid van volkome vergiffenis – vir altyd.
Dit gee ook sekerheid van vrye toegang tot God.
God self omsluit ons totale lewe.

B. <u>VRAE</u>.

1. Lees Hebreërs 10 vers 1.
   Noem al die weldade wat sou kom.

2. Lees Hebreërs 10 vers 10,14.
   Wat beteken dit om vir God afgesonder te wees?

3. Lees Hebreërs 10 vers 12.
   Wat beteken dit dat Jesus in die hemel ***sit***?

4. In vers 5-18 vind ons drie redes waarom Jesus Christus se offer die volmaakte offer is. Kyk of u dit kan vind in verse 6-9; 10; 14-17.

5. Dit is baie belangrik dat jou volle menswees by jou geloof/godsdiens betrokke sal wees. Wat is die gevaar as net:
   Jou verstand betrokke is?
   Jou gevoel betrokke is?

6. Ons is vir God afgesonder deur dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Dit beteken dat ons in 'n intiem persoonlike verhouding met die Here moet staan.
   Waar staan u in die verband?
   En die Gereformeerde kerke?
   Wat moet ons doen om die saak reg te stel indien nodig?

C. ANTWOORDE.

1. Die weldade waarvan hier gepraat word sluit alles in wat ons as gelowiges deur Christus se offerdood verkry: vergiffenis, 'n skoon gewete, vrye toegang tot God, ewige verlossing, ons ewige erfenis, ens.
2. Aan die een kant beteken dit dat jy vry is in Christus. Jy het deel aan al die weldade van vraag en antwoord 1. Maar in beginsel beteken dit verder dat God se wil nou sentraal staan in jou lewe. Gestel in die taal van Hebreërs: jy kan nie in die patrone van vormgodsdiens en jou wil leef nie. God kyk na jou hart. Daar moet 'n persoonlike verhouding tussen jou en die Here wees gedra deur gehoorsaamheid.
3. Dit is aan die een kant 'n teken dat sy offerwerk afgehandel is. Aan die ander kant is dit die kenmerkende houding van 'n Koning op sy troon.
4. Sy offer was volkome volgens God se wil [6-9];
   Dit was Jesus Christus, die Seun van God, wat Homself geoffer het [10];
   Jesus se offer was volmaak [14-17];
5. Eie antwoord.
6. Eie antwoord.

****